

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 54: Vzot HaBarachah (הברכה וזאת) – Hier Volg Die Seëninge.**

*Hierdie is die seën waarmee Moshe, die man van God, die seuns van Yisra'el geseën het voor sy dood. Deut. 33:1.<sup>1</sup>*

**Torah:** Deut. 33:1 tot 34:12.

**Haftorah:** Josua 1:1 tot 18.

**Nuwe Verbond:** Matth. 17:1 tot 9; Mark. 9:2 tot 10; Luk. 9:28 tot 36; Judas 3, 4, en 8 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 54 wat afgelaai kan word by: [Parashah54Notas14](#) of by [Parashah54Notas15](#).

*A Pharisee is hard on others and easy on himself, but a spiritual man is easy on others and hard on himself – A.W. Tozer.*

*The greatest test of whether the holiness we profess to seek or to attain is truth and life will be whether it produces an increasing humility in us. In man, humility is the one thing needed to allow God's holiness to dwell in him and shine through him. The chief mark of counterfeit holiness is lack of humility. The holiest will be the humblest – Andrew Murray.*

*I cannot see how any man deserves to be called "holy," who will fully allow himself in sins, and is not humbled and ashamed because of them – J.C. Ryle.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch), maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

*A faith which works not for purification will work for putrefaction. Unless our faith makes us pine after holiness, it is no better than the faith of devils, and perhaps it is not even so good as that. A holy man is the workmanship of the Holy Spirit – Charles Spurgeon.*

### Midrash (Torah Bespreking)

Aan die einde van die Torahsiklus, in Deuteronomium 34, lees ons van die dood en die begrafnis van Moses.

*Moshe, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo'av, volgens die woord van יהוה. Hy het hom in die vallei, in die land van Mo'av, oorkant Beit-P'or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie. Deut. 34:5 en 6.*

Moses was 'n sinnebeeld van Yeshua Messias, die profeet na wie Moses verwys het toe hy vir die volk gesê het:

*Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie. Deut. 18:18 en 19.*

Hierdie profesie van Moses is dus vervul soos wat Petrus dit ook bevestig het toe hy aan die seuns van Israel (Hand. 3:12) in die tempel gesê het:

- 19** *Erken julle skuld, lê dit af en draai om, terug na God toe sodat julle sondes uitgevee mag word, tye van rus vanaf die Teenwoordigheid van יהוה vir julle mag kom*
- 20** *en Hy die Een sal stuur wat vooraf vir julle voorberei is: Yeshua, Die Gesalfde Een.*
- 21** *Die hemel moet Hom ontvang tot op die tyd van die einde van alle dinge, waarvan God van ouds af gepraat het deur die mond van al Sy afgesonderde profete,*
- 22** *want Moshe het gesê: 'יהוה sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê*
- 23** *en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word.'*
- 24** *Ook het al die profete, van Sh'mu'el af en na hom, almal gepraat en ook hierdie dae aangekondig.*
- 25** *Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'In jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.'*
- 26** *God het Sy Seun eerste vir julle aangestel en gestuur as 'n Seën vir julle, as julle wegdraai van julle booshede, terug na God toe.' Hand. 3:19 tot 26.*

Yeshua, Die Gesalfde Een, is vooraf aan Israel verkondig – vooraf vir hulle voorberei (vers 20) – en Hy is nou in die hemel tot op die tyd van die einde van alle dinge – tot die tyd aangebreek het vir die wederoprigting van alle dinge – waarvan God van ouds af gepraat het deur die mond van al Sy afgesonderde profete (vers 21). So ook het al die profete, van Samuel af en dié na hom, almal geprofeteer en ook hierdie dae aangekondig (vers 24). Daarom het Petrus ook die woorde en die waarskuwing van Moses herhaal toe hy gesê het: *want Moshe het gesê: 'יהוה sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word (vers 22 en 23).*

Ons word ook herinner dat die oorhoofse doel van Torah is om Yeshua Messias en die Koninkryk van God te openbaar!! Torah gee ons 'n insae in die lewe en die werke van

Yeshua, asook hoe die Koninkryk van God moet funksioneer. Johannes 1:1 en 2 verklaar dat Yeshua die Torah (die Woord) van YHVH is wat van die begin af deel van YHVH was en steeds is. Alle dinge het deur Yeshua, die lewende en vleesgeworde Torah van God ontstaan (Joh. 1:3; Heb. 1:2) en alle dinge word ook gedra (instand gehou) deur die woord van Sy krag (Heb. 1:3). Daarom begin ons elke week se Torahskriflesing met hierdie belydenis:

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

Daarom is Yeshua Messias die einddoel van die Torah van Moses, naamlik van die geskrewe wet, soos Paulus dit duidelik in Rom. 10:4 stel!

*want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.*

*For the goal at which the Torah aims is the Messiah, who offers righteousness to everyone who trusts (Complete Jewish Bible)*

Daarom kon Paulus ook aan Timotheus skryf:

*Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:14 en 15.*

Timotheus het die Torah van Moses aanvanklik by sy ouma Loïs en sy ma Eunike geleer (2 Tim. 1:5) en later die Torah van Yeshua by Paulus self (2 Tim. 1:13).

Dan weet ons ook dat Yeshua aan die Fariseërs gesê het dat Moses van Hom geskryf het:

*Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Moshe op wie julle 'n versekerde verwagting het, want as julle Moshe geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?*  
 Joh. 5:45 tot 47.

So byvoorbeeld is die seënspraak van Jakob aan Juda verwysend na Yeshua:

*Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een (Silo) kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. Gen. 49:10.*

Hierdie profesie (seënspraak) van Jakob is dus vervul toe Yeshua aan die folterpaal gesterf het en op die derde dag uit die dood opgestaan het. Aan Hom is alle mag in die hemel en op aarde gegee (Matt. 28:18). Die septer van ewige koningskap het uit Juda gekom en behoort vir ewig aan Yeshua Die Gesalfde Een.

Nog 'n voorbeeld is die profesie van Bileam toe hy gesprek het:

*Ek sien Hom, maar nie nou nie, ek aanskou Hom, maar nie naby nie: 'n Ster sal kom uit Ya 'akov, 'n Septer sal opstaan uit Yisra 'el, deur die voorkop van Mo 'av breek en al die seuns van Shet afbreek. Num. 24:17.*

Sou die Fariseërs byvoorbeeld hierdie woorde wat Moses opgeskryf het geglo het, sou hulle Yeshua erken het as die Messias. Maar die oë van hulle verstand was verblind, hoewel Jan-alleman Yeshua volgens wat Moses geskryf het kon erken:

*Filippos het vir Natan 'el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Moshe in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret. Joh. 1:45.*

Aan die einde van die Torah leessiklus word ons ook opnuut herinner aan die volgende:

Moses was 'n sinnebeeld van Yeshua as Koning en Profeet en Aäron 'n sinnebeeld van Yeshua as Hoëpriester. Die Torah van Moses was Israel van ouds se grondwet en Moses het die rol vervul van koning en profeet. Aäron was as hoëpriester die middelaar tussen YHVH en die volk. Soos Moses en Aäron vir Israel in die wildernis volgens Torah 'regeer' het, so moet Yeshua as Koning, Profeet en Melgisédék Hoëpriester in ons, en deur ons, in ons alledaagse lewe in die 'wildernis' van hierdie wêreld regeer.

YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, naamlik die Melgisédék Torah (Torah van Yeshua), is die 'gronwet' van die ware Israel – van elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is en dus die genade tot versoening met YHVH is! Hierdie Melgisédék-grondwet is in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:1 tot 13).

- 1** *Die hoofpunt van dít alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG 'dulah (die Grootheid) in die hemel.*
- 2** *Hy, en nie 'n mens nie, is die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het.*
- 3** *Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer,*
- 4** *want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer,*
- 5** *hulle wat 'n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Moshe gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: “Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het,”*
- 6** *maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,*
- 7** *want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie,*
- 8** *want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra 'el en oor die huis van Y 'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring,*
- 9** *nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.*
- 10** *“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra 'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees*
- 11** *en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.*

*12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”*

*13 Deurdat Hy sê ‘nuwe,’ het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging.*

Die dood van Moses was nie net die einde van Israel se swerftog in die wildernis nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Daarom is beide Moses en Josua ook ‘n sinnebeeld van Yeshua Messias. Moses kan vergelyk word met die eerste koms van Yeshua en Josua met die wederkoms van Messias.

Soos Moses vir Israel deur die hand van YHVH van die slawejuk van Egipte bevry het en hulle deur die geslagte lam gered was, so het Yeshua gekom om ons sondeskuld uit te delg as die Lam van God en ons van die slawejuk van sonde te bevry. En soos Israel die Torah van Moses ontvang het om hulle in bewaring te hou tot Yeshua sou kom, so ook het ons as die ware Israel deur vertroue in Yeshua die Melgisédek Torah ontvang waarvolgens ons moet lewe tot Yeshua se wederkoms.

Soos Joshua vir Israel volgens die Torah van Moses in die Beloofde Land ingelei het om dit in besit te neem, so lei Yeshua ons volgens die Melgisédek Torah in die Beloofde Land van die Koninkryk van die hemel in om dit in besit te neem.

Hierdie is die evangelie (die goeie boodskap) wat aan Abraham en sy nageslag wat in die wildernis was, verkondig was:

*God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: “In jou sal al die nasies geseën word. Gal. 3:8*

*want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertroue nie Heb. 4:2*

Die Torah van Moses – die geskrewe wet – was nie die evangelie wat aan Abraham en sy nageslag in die wildernis verkondig was nie. Nee, aan Abraham se nageslag in die wildernis was verkondig ‘n evangelie soos Paulus dit in 1 Kor. 10:1 tot 4 beskryf:

*My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een.*

Hulle almal het van dieselfde geestelike kos geëet as wat ons vandag mee gevoed word, en hulle het almal uit dieselfde geestelike Rots gedrink as wat ons vandag van drink, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een. Maar soos reeds genoem, is die Torah van Moses (die boek van die wet) aan hulle gegee weens die sonde van die aanbidding van die goue kalf, en dit was hulle tugmeester wat hulle in bewaring gehou het tot Yeshua sou kom om alles te herstel soos dit was toe Israel by Sinai aangekom het en met hulle ‘n bloedverbond (die boek van die verbond) gesluit het – die verbond wat hulle verbreek het.

Maar dan waarsku Paulus wanneer hy sê: *Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis (1 Kor. 10:5).* Daarom moet ons waak dat dieselfde ons nie oorkom nie!



Ons moet seker maak dat ons in die voetspore van Abraham volg – hy wat YHVH se stem gehoorsaam het en Sy opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette nagekom het (Gen. 26:4 en 5) voordat daar die Torah van Moses was! Abraham is ons voorbeeld van gehoorsaamheid en vertroue in ‘n verbondsverhouding. Dit is hierdie voorbeeld wat ons moet navolg as deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua waar ons volgens die Torah van Melgisédek (Torah van Yeshua) lewe.

Hierdie Torah se inhoud is soortgelyk as YHVH se Torah vanaf Gen. 1:1 tot en met Ex. 24:11. Dit bevat die tien gebooie, die feestye van YHVH, die voedselvoorskrifte en hoe die verhouding moet wees tussen YHVH en die mens en onderling tussen mense.

Aan die einde van die jaarlikse Torah leessiklus word ons opnuut daaraan herinner dat die Torah die fondament is waarop alle openbaringe van YHVH gebou word. Daarom is die oorhoofse doel van die bestudering van Torah om die profetiese boodskap wat daarin vervat is te verstaan en om met die hulp van die Afgesonderde Gees te onderskei waar dit geestelik en waar dit prakties in ons geloofslewe as volgelingen van Yeshua toegepas moet word.

*The study of Torah is the study of God. When God revealed Himself to us, He did not give us a systematic theology, creeds, recipes or diagrams. He gave us laws. Yet they are more than just laws intended to tidy up human society. They are actual pieces of godliness. Each commandment is a small revelation of God. More than just a rule for governing human behavior, the laws of Torah are a reflection of the Lawgiver. (Ki Tetze; FFOZ, 2011).*

Maar nog meer belangrik is dat ons herinner word dat Yeshua het gekom om die Torah van Moses, naamlik die geskrewe wet wat die tugmeester tot Yeshua was (Gal. 3:24 en 25), te vervul.

*Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê.*

*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. (AOV).*

*Do not think that I have come to do away with or undo the Law. I have come not to do away with or undo, but to complete and fulfill them (AB).*

‘n Profesie wat nog nie vervul is nie, bevat nog sekere onduidelikhede (die detail ontbreek). Byvoorbeeld die profesie oor die wederkoms. Wanneer ‘n profesie vervul is, is dit volledig en duidelik – ons sien nou die detail en die ware betekenis. Byvoorbeeld die profesie aangaande die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Yeshua. Die profesie is nie opgehef nie, want dit bestaan nog in die geesteswêreld as ‘n realiteit, maar het nou ware betekenis gekry en ons leef in die lig van die vervulling daarvan.

Net so is die Wet (die Torah van Moses; die geskrewe wet) met die koms van Yeshua vervul – die detail, die doel en die ware betekenis is nou duidelik en ons leef in die lig van die vervulling daarvan.

Vervul in Grieks is *plēroō* (Strong’s G4137) en volgens Thayer’s Greek Definitions beteken dit die volgende: *to make full, to fill up, i.e. to fill to the full; to cause to abound, to furnish or supply liberally; to render full, i.e. to complete; to fill to the top: so that nothing shall be wanting to full measure, fill to the brim; to fulfil, i.e. to cause God’s will (as made known in*

*the law) to be obeyed as it should be, and God's promises (given through the prophets) to receive fulfilment.*

Yeshua het die Torah van Moses in elke opsig vervul – volledig onderhou en uitgelê – en daarom kon Hy as die mens se verteenwoordiger (Joh. 1:3 en 4; 1 Kor. 8:6; Efes. 3:9; Kol. 1:16; Heb. 1:2):

- Aan die folterpaal sterf vir die verbreking van die bloedverbond by Sinai, naamlik die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11) en waaraan die verbond met Abraham gekoppel was (Onthou: Toe Israel by Sinai aangekom het was hulle deel van die verbond met Abraham).
- Asook sterf vir elke oortreding van die Torah van Moses – die boek van die wet – wat hulle in bewaring gehou het tot Yeshua se folterdood en opstanding.

Die gevolg was 'n verandering in YHVH se Torah soos dit aan Moses gegee was na die sonde van die goue kalf (Exodus 32) en soos die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit verduidelik, veral in hoofstukke 7 en 8. Hierdie verandering behels dat die Levitiese priesterorde vervang is met die priesters volgens die orde van Melgisédék en met Yeshua as Ewige Hoofpriester. Tweedens het die verandering behels dat die tempeloffers tot 'n einde gekom het en die aardse tempel vervang is met die liggame as tempel van die Afgesonderde Gees van elkeen wat Yeshua as Messias bely (1 Kor. 3:16 en 2 Kor. 6:16).

Na Yeshua se folterdood en opstanding (nadat die skuldbrief uitgedelg was – Kol. 2:14) kon YHVH nou 'n nuwe verbond met die mens sluit – een waar Yeshua as Middelaar optree. Yeshua is nou die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het en nie meer Moses nie (Heb. 8:2).

Yeshua, Die Gesalfde Een, het ook 'n beter bediening as die van Moses ontvang net soos wat die verbond waarvan Hy Tussenganger gemaak is ook beter is en met beter beloftes as die van die ou verbond wat gegee was (Heb. 8:6). Want as die eerste een – die ou verbond – sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie (Heb. 8:7). Maar YHVH het fout gevind met die eerste..... en daarom het YHVH belowe om 'n nuwe verbond met Israel en die huis van Juda te sluit (Heb. 8:8 en 9)!

Hierdie nuwe verbond is 'n beter verbond as die ou verbond, want die belofte aan Abraham is vervul (Gen. 12:3 – *en in jou sal al die geslagde van die aarde geseën word*) en YHVH se Torah soos dit aan Moses gegee was, is nou in Yeshua volbring en die Melgisédék Torah is nou in ons verstand gegee en op ons hart geskryf.

Die sterwe van Yeshua aan die folterpaal was ook die nuwe begin van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is. Soos Josua (*Yehoshua* – in Hebreëus, *YHVH red*) vir Israel die Beloofde Land ingelei het, so sal Yeshua (Hebreëus vir *redding*) by Sy wederkoms die hele Israel (albei huise) die Beloofde Land van die Millennium Koninkryk in lei.

Tot en met die wederkoms moet ons egter hierdie woorde van YHVH aan Josua ook op ons van toepassing maak:

*Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Het Ek jou nie beveel nie? Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bewe of mismoedig wees nie, want יהוה, jou God, is met jou, waar jy ook al heengaan. Jos. 1:8 en 9.*

Ons leef in die wildernis van hierdie wêreld en die Torah van Yeshua (die Torah van die Melgisédekorde) leer ons hoe om te midde van 'n verlore-gaande en vervalle wêreld in oorwinning te oorleef. Hierdie is ons handleiding hoe om onder die leierskap van Yeshua in hierdie wêreld te lewe tot ons ons laaste asem uitblaas of tot die wederkoms!

Die einde is altyd 'n nuwe begin! Volgens YHVH se genade van voorsiening in Yeshua is elke dag 'n nuwe begin.

***Chazak! Chazak! Venitchazek!***

**Wees sterk! Wees sterk! Word versterk!**

**Yeshua se wederkoms is naby!**

-O-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*